# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging Letaba Tak

***Posbus 1989 Tzaneen 0850***
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter Admin*** *(Dawie van Vuuren) Tel: 083 ...*
***Sekretaris*** *(Cornel Maré): Tel: 082-922 6882* ***Ondervoorsitter* Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*
**e-mail :** cornelm@ppecb.com **Tesourier** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za

---

## Notule van die bestuursvergadering op 02 Augustus 2007

**1. Opening en verwelkoming:**
Abel Botha open met gebed en Carel Buitendag heet almal welkom.

**2. Doelstellings:**
Carel lees die doelstellings.

**2.1 Lief en Leed:**
Geen.

**3. Teenwoordig:**
Bestuur:

| | | |
|---|---|---|
| Dawie van Vuuren | Cor Olivier | Chris de Wet |
| Abel Botha | Carel Buitendag | Alwin Fleischmann |
| Cornel Maré | Ina-Mari Maré | Johnny Rech |
| Marius v Rensburg | | |

Lede:

| | | |
|---|---|---|
| Chris steyn | Johnny Verster | Renier v d Merwe |
| Giam Fourie | F Reynolds | Werner Boshoff |
| D N vd Walt | G Pretorius | CM vd Schyff |
| Eddie vd Lith | Daan vd Lith | Ceal Vermalz |
| Awie Viviers | Philip Robinson | |

**4. Verskonings:**
Bestuur:

| | | | |
|---|---|---|---|
| M.Gamba | A.Le Grange | V.Osmers | Karl Osmers |
| Annie Botha | W.Katzke | André le Grange | Hansie Botha |
| Annie Botha | | | |

Lede:

**5. Vorige notule:**

**5.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule:**
Punt nr 10 op die vorige notule se datum moet September wees.

**5.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**
Alwin stel voor dat die notule goedgekeur word en Ina-Mari sekondeer.

**6. Vastelling van die agenda:**

**7. Finansies & Administrasie:**

Cor het ongeveer R6000 van uitvoerend gekry vir ons deel van die ledegeld wat na ons toe moet kom maar daar kort nog baie so hy sal met Frederik skakel om meer uit te vind. Daar gaan gekyk word of lede volgende jaar direk aan ons tak kan betaal sodat ons net die balans aan Uitvoerend oorbetaal. Die Bankbalans staan op R2208.21, met die kroeg se saldo op R1493.

**8. Nuwe Lede:**

4 Nuwe lede is voorgestel en goedgekeur.

**9. Klubhuis & skietbaan gronde:**

Sckalk Robinson het gese hy sal van die grond op die skietbaan laat toets om te kyk of dit geskikis is vir hom dan sal hy ons help om die skietwalle op te gradeer.

**9.1. Arbeid**

Geen.

**9.2. Klubhuis:**

Cornel en Ina-Mari skenk 'n swart pot vir die klubhuis.

**9.3. Dranklisensie:**

Die drank lisensie is goedgekeur en daar moet nog gelde by Kruger & Nagel betaal word.

**9.4. SA Seta:**

Chris De Wet sê hy het 'n konstante vloei van mense wat by hom kursusse doen.Die Die kontrak wat BJV Letaba met Vuka het gaan hersien word.

**9.5. Chasa:**

CHASA het 'n nuwe skiet tabel wat soos volg lyk : lê op 200m ,sit op 100m ,en staan op 35m. Dan gaan daar ook 5 ghonge geskiet word. Jy sal dan volgens jou punte in 'n klas ingedeel word.

**10. Skietdae:**

Die SAPS het die skietbaan bespreek van die 6de tot die 25ste Augustus tot 1uur die middag.

10.1:Ghong skietdag:

Die skietdag wat op die 4de Augustus by Alwin gehou gaan word sal soos volg daar uitsien: 3 papier teiken bane en 3 ghong bane. 30 rontes word benodig. Die inskrywingsfooi sal R50 vir lede en nie-lede wees.Dawie sal reël vir drank en die tent en Thys sal dit aanry. Baanoffisiere sal daar aangewys word en hulle sal mekaar moet aflos. Die kompetisie se punte sal gebruik word om die skuts te kies wat die tak sal verteenwoordig. Daar sal ook worsbroodjies en braaipakke wees.

10.2: Groepering skietdag:

Die komitee word aangesê om met die reëlings vir die dag te begin. Hansie wat die voorsitter is moet 'n vergadering reël vir Maandag die 6de om 18:00. Die vergadering keur dit goed dat ons saam met Magalies-tak teikens aankoop teen R1.25 per teiken – ons moet 'n 1000 teikens koop.

**11. Opleiding:**

Junior 2 kursus is van die 9de tot die 12de Augustus by Johan Swanepoel.

Die volgende senior Kursus is die einde van Augustus.

**12. Kleiduif:**
Die skietdag van die 18de Augustus word na die 25ste uitgeskuif om die baan reg te kry. Daar gaan 'n beton heiningmuur gebou word. Eddie sal ons R400 vra om dit op te sit. Andrè moet sms uitstuur om die lede te laat weet van die datum wat geskuif het. Die koste sal R300 per span wees en die spanne kan mekaar uitdaag.

**13. Boogjag:**
Die lede by ons wat ook by die boogskietklub is het goed gevaar en daar is 6 van hulle wat springbokkleure verwerf het. Hulle het ook 'n nasionale kompetisie die 22ste September.

**14. Handwapenjag:**
Geen

**15. Buskruit:**
Geen.

**16. Windbuks:**
Geen.

**17. Jaggeleenthede:**
Geen.

**18. Redaktrise / publikasies / pers:**
Elke tak sal 'n beurt kry om die Impala te publiseer. Letaba se beurt is September en daar word borge en artikels gesoek voor 15 Augustus.

**18.1. Internet:**
Geen.

**19. Uitvoerende vergadering:**
Daar is op die vorige uitvoerende vergadering gesê dat 30% van die trofeë wat deur een lid vir die kompetisie ingeskryf is, foutief was. Elke tak moet ook 'n meter opstuur tydens die kompetisie om te help met die meting. Daar gaan ook gepoog word om op die Jaareindfunksie na die trofeëkompetisie 'n meer informele atmosfeer te skep.

**20. Algemeen:**
Renier van der Merwe word as nuwe sekretaris geko-opteer met Giam Fourie as hulp-sekretaris.
Dawie Botes en Giam Fourie word ook in beheer van die .22 skiet geplaas terwyl Phillip Robinson in beheer van spyseniering op die bestuur gekies word.

**21. Volgende vergadering:**
6 September 2007

**Notule goegekeur as korrek** **Datum…………………….**

**Voorsitter………………….** **Sekretaris………………..**